Die ware Nasireër het gekom

Teks: Mattues 2: 16 - 23
Teksvers: Mattues 2: 23

1. Inleiding

Verskeie plekke in die Bybel tref ons moeilike teksgedeeltes aan. Hierdie teksgedeeltes is moeilik omdat dit op die oog af, moeilik verstaanbaar is, of net vir ons nie sin maak nie. Verder is teksgedeeltes ook soms moeilik omdat daar gelaaide terme bestaan. ’n Gelaaide term verwys na ’n woord of frase wat ’n groter en dieper betekenis het, as wat iemand sal verstaan wat dit sommer die eerste keer hoor.

Ons fokus vanoggend in beide eredienste op dieselfde teksgeelte, Matteus 2. Matteus 2 is dan ook die gedeelte waar ons lees oor die geboorte en kinderjare van ons Here Jesus Christus. Vandag is dit ook juis uit hierdie kinder- en baba jare van Christus wat ons hoop kry.

Uit Mattues 2 fokus ons vandag op die laaste vers in die openbaring oor Jesus se kinderlewe. Die spesifieke term Nasarener gryp ons gedagtes aan. Want die woord Nasarener is juis so ’n gelaaide term. ’n groot oorsaak vir baie worsteling deur die jare word veroorsaak deur die feit dat die spesifieke profesie wat aangehaal word, nie in die Bybel gevind kan word nie.

Daarom is die vraag by gelowiges vandag nog, wat presies bedoel Mattues, in ons teksvers, wanneer hy sê dat Jesus ’n Nasarener genoem sou word. Deur die jare was daar veral drie manier waarop die teksgedeelte verklaar en verduidelik is. Ons gaan vervolgens al drie ondersoek. Maar dan wil ons natuurlik ook aan die einde nie by koue bybelkennis volstaan nie. Dit is ook vir ons belangrik om hoop te vind in die feit dat Jesus die ware Nasarener is.

Kom ons begin in die Ou Testament…

2. Die loot van Isai

Die eerste en miskien gewildste verklaring werk soos volg. Dit behels ’n verwysing na die Ou Testamentiese teks uit Jesaja 11:1. Ons ken dit as “’n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, ’n loot uit sy wortels sal vrugte dra.”

Die Hebreeuse woord vir takkie, is dan *neser* getranslitereer. En selfs wanneer ons in afrikaans daarna luister is die verband duidelik. Die soortgelyke klank tussen neser en nasarener, beweeg verklaarders in die rigting van hierdie verklaring. En juis daarom was dit ook vir jare lank ’n aanvaarde verklaring.

Alhoewel Jesaja 11:1 seker een van die mees messiaanse tekste uit die Ou Testament is, is hier egter wel ’n groot ’n probleem. Die grondteks van Mattues in die Nuwe Testament is natuurlik Grieks. En alhoewel die Evangelie skrywers dikwels uit die Septuagint, die Griekse vertaling van die Ou Testament aangehaal het, is dit moeilik die geval hier. Want die Hebreeus moes getranslitereer word, met ander woord letter vir letter oorgeklank word, in plaas van vertaal word met ’n woord van dieselfde betekenis. Die Griekse woord vir takkie is uiteindelik iets heeltemal anders. En miskien is dit bietjie baie om van die eerste aanhoorders te verwag.

Maar die verklaring is natuurlik nie uit lyn met die res van die openbaring in die skrif nie. Selfs in die Nuwe Testament word dikwels verwys na Jesus as die ware wingerdstok. En ook gereeld na die afstammeling van Dawid, soos byvoorbeeld: Romeine 1:2 - 3“[2]Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, [3]en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore;”

Op hierdie manier dien hierdie verklaring as nog ’n bewys dat Christus die lank verwagte Messias is. En hierin lê natuurlik vir ons troos. Verder bevestig dit die onfeilbaarheid van die skrif, omdat Mattues dan eenvoudig die profeet Jesaja aanhaal.

3. Die volmaakte Simson

Maar miskien is daar ’n beter verduideliking. Dit is hier waar die gelaaide term ter sprake kom. Want onmiddelik op ons oor klink die term Nasarener bekend. En dit klink vir ons bekend, as gevolg van ’n spesifieke gebruik en nie ’n spesifieke gebied nie. In Numeri hoofstuk 6 kry ons ’n hele aantal bepalings vir ’n Nasireërsgelofte. ’n Nasireërgelofte het behels dat ’n persoon hom of haarself heeltemal aan die Here wei. ’n Paar pertinente gebruike het so ’n persoon geïdentifiseer

tussen die mense, maar ook hom of haar heilig afgesonder vir die Here.

'n Paar van hierdie gebruike was byvoorbeeld, dat die persoon geen sterk drank mag gebruik het nie. Ook mag sy hare nie gesny word nie. En so persoon mag nie aan die dooie menslike liggame geraak het nie. Maar wat die gebruik van die nasireër in die konteks van ons teksgedeelte bring, is die feit dat die God. verlossing bewerk deur hierdie mense. En dit neem ons nou verder na waar die Bybel dit letterlik ook openbaar aan ons.

Dit bring ons by Simson in Rigters 13: 5 en 7, wat lees: "[5]Want kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar, en geen skeermes mag op sy hoof kom nie; want die seun sal van die moederskoot af 'n nasireër van God wees, en hy sal Israel begin verlos uit die hand van die Filistyne." en "[7]Maar Hy het vir my gesê: Kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar; drink dan nou geen wyn of sterk drank nie, en eet niks wat onrein is nie; want die seun sal 'n nasireër van God wees van die moederskoot af tot die dag van sy dood toe."

'n Verdere verband bestaan in die feit dat Simson uit 'n kinderlose vrou gebore word, en Christus natuurlik uit 'n maagd. Maar uiteindelik lê die troos vir ons vandag dat Christus nie net begin het om ons te verlos nie. Hy het dit voltooi. Waar Simson wens sy sondige natuur struikel en val, kom oorwin Christus die bose totaal en al vir ons. Ons is verlos omdat die ware Nasireër ons kom verlos het, deur Sy sterwe en opstanding.

4. 'n Nederige herkoms

Maar dan is daar ook 'n ander verklaring. Hierdie keer is die gedrag of oortuiging nie, maar eerder letterlike herkoms. Die letterlike mense wat in die gebied Nasaret gewoon het. Op sigwaarde mag dit dalk die mees logiese verklaring wees. As inwoners van Nasaret was Jesus en Sy aardse gesin Nasareners. Maar as 'n mens so bietjie in delf, is hierdie ook 'n negatiewe betekenis. Ons hoef nie verder as Johannes 1: 46 te gaan om dit te sien nie: "[46]Maar Natanael sê vir hom: "Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?"

Die mense van Nasaret is as agterlik beskou en daar is gewoonlik op hulle neergesien. Maar ook dit pas in met die res van die gegewings oor Jesus wat die Woord aan ons openbaar. Sagaria 9:9 openbaar al aan ons dat: "Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie. Verder weet ons ook dat Jesus se ouers uiteindelik die armmansoffer van 2 duiwe bring volgens Lukas 2:24

Dus sal ook hierdie verklaring sin maak. Omdat dit dan Sagaria 9:9 is wat aangehaal word in ons teksvers. Ons weet regdeur die bediening en lewe van ons Here Jesus Christus was die woorde van Mattues 12:19 - 20 waar: "[19]Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie, en niemand sal sy stem op die strate hoor nie. [20]'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier.

Uiteindelik word hierdie vernedering nog erger, aan die einde van Jesus se lewe. In Lukas 26: 37 sê Jesus die volgende: " [37]Ek sê vir julle: Die Skrifwoord wat sê: 'En Hy is as misdadiger beskou,' moet aan My bewaarheid word, want wat op My betrekking het, gaan nou in vervulling."

5. Slot

Ons kan afsluit deur op te som. Die mooi verklaring van die perfekte nasarener, het ook probleme. Want streng gesproke, is daar steeds groot 'n verskil in die woord Nasireër, en Nasarener. Wanneer ons na spelling en grammatika van die woord kyk is dit twee verskillende woorde, met verskillende betekenis. En ons kry geen aanduiding uit die skrif dat Christus streng by die Nasireër voorskrifte gehou het nie. Tog was Hy natuurlik heeltemal sonder sonde, en daarom bring Hy uiteindelik nie 'n offer ter reiniging van Homself nie. Maar Hy is die offer wat ons reinig.

Wat wel duidelik uitstaan is die ongewoonheid van Christus. In 'n wêreld waar status en aansien so maklik op die voorgrond staan, veral wanneer leiers gekies word, kom die Christus dinge anders doen. Hy kleef nie aan Sy Goddelikheid vas nie, maar kom word in nederigheid 'n mens. Hy kom word 'n mens in 'n veragte gemeenskap. Maar dan kom Hy ook as die lank verwagte Messias. Hy kom verlos volkome en volmaak, waar alle ander Nasireërs voorheen gefaal het.

Daarom is ons Here Jesus Christus nie net die beste Nasarener, met ander woorde die beste persoon uit die gebied van Nasaret nie. Hy is ook die beste Nasireër, met ander woorde Hy kom verlos volledig en permanent. Maar dan is Christus ook meer as dit, Hy is vandag ons

koning aan die regterhand van God die hemelse Vader.

In alle manier kom vervul Christus al die profesieë oor Hom uitgespreek. Kom ons eer en verheerlik die Here, ons Verlosser, soos dit hoort.

Amen